# 20 Januarie 2024 - Lesing 219 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

JaHshua se vrye wil as 'n mens – 15/9/61

**NO: 7992** Tot aan die einde was My lyding en sterwe aan die kruis steeds 'n saak van **vrye wil**. Want Ek sou dit werklik kon verhoed het, deur gebruik te maak van My Goddelike inwonende krag en My kon verset het teen alle vyande wat hulle haatgedagtes vir My wou tot uitvoer wou bring. Ek het die daad heeltemal uit **My eie vrye wil** volbring. Ek was bereid om te ly en te sterf vir My medemense, omdat Ek as mens JaHshua, op hoogte was van die vreeslik ellendige toestand waarin die hele mensdom hulle bevind het, **deur die vroeëre sondeval** en omdat My Liefde al My gevalle broeders wou help en Ek daarom Myself vir die Vader aangebied het as soenoffer.

Ek was geensins daartoe gedwing nie, die Vader in My het nie My wil bepaal nie. Ek het volkome vry uit My eie gehandel. En Ek het dit baie moeilik gevind, **omdat Ek alles vooruitgesien het** wat sou plaasvind totdat die Verlossingsdaad heeltemal volbring was.

Ek, as 'n mens, het geworstel en in die diepste nood gebid tot die Vader dat Hy die beker by My sou laat verbygaan. **En Ek was versterk en het Myself heeltemal aan die Vader oorgegee**.

Want die liefde in My was oorweldigend sterk, dus was dit wel **die ewige Liefde Self in My** en deur Haar het Ek My laat lei in My werk, wat onmoontlik sou gewees het as My wil as mens Haar weerstaan het. Ek was gedryf deur die liefde vir die ongelukkige mensdom. En Ek wou die mense help, en hierdie liefde het My 'n mate van lyding op My laat neem, **wat julle mense nie in staat is om die omvang van te besef nie**.

Want die skuld wat julle as gevolg van julle afval van God op julle gelaai het, **was ook onmeetbaar**. En om hierdie skuld tot niet te doen, **moes Ek as 'n mens** geweldig ly en die kwellinge van die kruisdood op My neem.

Maar Liefde is krag en daarom het Ek volhard tot die aan einde, want die lyding self was waarlik genoeg gewees om My liggaam voortydig te dood, as die krag van die Liefde nie My liggaam in staat gestel het om die dood aan die kruis op My te neem en te volhard **totdat die werk volbring was**, totdat die verlossing van sonde en dood gewaarborg was vir alle mense wat My kruisoffer wil aanneem en verlossing wil ontvang.

Weer hang dit van **die mens se vrye wil af**, hoe hy homself teenoor My en My verlossingswerk opstel.

Want elke wese het uit vrye wil homself van My afgewend en uit vrye wil moet hy homself weer op My rig, **wat gebeur wanneer**

1) **hy as mens vir JaHshua Messias en Sy verlossingswerk erken**,

2) 2) **wanneer hy My (die Vader) Self in JaHshua sien en homself**

3) **3) en sy skuld vrywillig aan My oorgee.Wanneer hulle om vergewing vra en weer na My wil terugkeer**, van Wie hulle eens vrywillig weggegaan het.

Dan doen die mens bewustelik ‘n beroep op die genade van My verlossingswerk. Hy ondervind versterking van sy verswakte wil en is dan verseker van sy terugkeer na sy Vaderhuis.

Die onmeetlike lyding wat Ek as 'n mens op Myself geneem het, het nog steeds nie in verhouding gestaan tot die baie groot skuld van die gevalle geeste nie. **Maar omdat die mens JaHshua vol van liefde was en vrywillig die swaarste offer wou bring**, deurdat Hy Sy lewe wou gee het aan die kruis, neem **Ek hierdie offer met genoë aan** en maak alle skuld tot niet, terwille van die groot liefde van JaHshua, Wie Sy gevalle broeders weer na My wou terugbring. Ek neem genoë daarmee en **dus was daar ook aan My geregtigheid voldoening geskenk**. Want Ek kon geen skuld teniet doen wat sonder genoegdoening sou bly nie. Maar daarom moes ook die werk van verlossing uit vrye wil gedoen word. Ek mog geen wese gedwing het om hierdie genoegdoening te volbring nie.

En omdat die groot sonde van die afval van My 'n **vergryp teen My Liefde was**, moes die boetedoening nou weer **daad van liefde wees**, want slegs die liefde kon hierdie onmeetlike skuld tot niet maak. En hierdie liefde was in die mens JaHshua. Hy was so ontvanklik daarvoor **dat Hy heeltemal met liefde vervul was**, wat Hom ook in staat gestel het om Sy Verlossingswerk te volbring.

1. **Die Liefde het die skuld teniet gedaan.**
2. **Die Liefde het een mens heeltemal vervul.**
3. **Die Liefde was Ek Self en dus was Ek Self in die mens JaHshua.**

Ek het Self gely en gesterf vir die mensdom. Maar omdat Ek as God nie kon ly nie, het die mens JaHshua al die lyding op Homself geneem.

Maar Hy het alles uit vrye wil gedoen. Want die liefde dwing nie, maar sy is tot die grootste offers bereid. En liefde bring alles tot stand, want sy is 'n krag wat magtig is, wat ook die swaarste leed kan verdra. **Ek Self, as die ewige Liefde, het die mens JaHshua vervul**, en so werk Ek Self in Hom en het die mense verlossing van sonde en dood gebring. Amein.

**1Korinthiërs 13**

*4 Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, 5 handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, 6 is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. 7 Sy bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. 8 Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan.*